

Subject **Re: Dier Redigeerverslag**
From Uys van Zyl <cattle@firna.co.za>
To michelle <michelle@studbook.co.za>
Date 2020-09-22 11:05



Hi Michelle

C 070039 is ons dier, ek is seker sy is nagelaat om oorgedra te word op ons naam, sy is egter al 'n wyle terug dood. Al ons diere van MNR Wessels is op die selfde tyd gekoop. Ek is seker ons sal nog heelwat admin goedjies he om uit te sort, Sonja is besig om alles oor te dra as ek dit reg het is sy amper klaar met dit maar daar is altyd 'n paar goed om nog uit te sort so stuur gerus al die foute aan..

VRIENDELIKE GROETE
UYS VAN ZYL
079 767 3377



On 2020-09-22 09:31 am, michelle wrote:

Goeiemore

Hoop dit gaan goed. Die dier BBSMFRN 170054, gebore op 02/10/2017 se moeder C 070039_0065730277 HOSLI FENELLA behoort nie aan teler of eienaar op geboortedatum van kalf nie. Huidige eienaar is MNR. P.R. WESSELS. Bevestig asb of die moeder se ID nommer korrek is, dit kan dalk die probleem wees. Datum ontvang 968 geboorte limiet 270, genootskap moet toestemming gee dat ons die laat geboorte kan aanvaar.

Laat weet gerus of daar nog iets is waarmee ek kan help.

Mooi daggie :)

Groete
Michelle

On 2020-09-22 08:02, Uys van Zyl wrote:

Hi Michelle

Help my asseblief met wat die dokument beteken? Ek verstaan nie wat die fout is nie

On 2020-09-07 03:46 pm, michelle@studbook.co.za wrote:

Dear Breeder

The Logix system is a very refined system and many checks and tests are done before being incorporated into the system. Logix's aim is to ensure that all biological and breed standards are adhered to and thus ensure that reliable (clean) data is recorded for further use in Genetic evaluations. This results in Editing lists, also known as "Error lists" being generated after the clerk cannot resolve the issues, and the breeder must be contacted to obtain further information to record the transaction fully.

Attached is your herd's Editing List and you are kindly requested to reply on every transaction. If such a transaction is not resolved within two (2) years, the transaction will be deleted from the system and you will have to resubmit it. These lists will be sent to you on a more regular basis for the purpose of improving our services to you.

We look forward to hear from you. Please sent feedback to the person from whom this email has been sent and not to Logix.

Geagte Teler

Die Logix stelsel is 'n baie verfynde stelsel en baie kontroles en toetse word op 'n rekord gedoen alvorens dit opgeneem word in die stelsel. Logix het ten doel om te verseker dat betroubare (skoon) data opgeneem word, wat voldoen aan biologiese sowel as rasstandaarde vir verdere gebruik in Genetiese evaluasies. Dit veroorsaak dat sekere redigering eers gedoen moet word voordat 'n rekord aanvaar word in Logix. Om hierdie rede is daar 'n Redigeerlys, ook bekend as 'n "Foutelys" wat die redigeerklerk nie kan oplos nie en die teler moet gekontak word om verdere inligting te bekom om die rekord volledig op te neem.

Aangeheg is u kudde se Redigeerlys en word u versoek om asseblief dringend aandag te gee aan elke transaksie. Indien so 'n transaksie nie binne twee (2) jaar opgelos word nie, sal die transaksie van die stelsel verwyder word en sal u weer die transaksie moet indien. Hierdie lyste sal op 'n meer gereelde basis aan u gestuur word met die doel om die diens aan u te verbeter.

Daar word graag van u verneem in die verband. U terugvoering moet asseblief gerig word aan die persoon wat die epos aan u gerig het en nie na Logix nie.

Groete